# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"Children should enjoy the few years they have just being a kid." Dwayne Hickman

Om 'n onderwyser by Laerskool Koue Bokkeveld te wees is 'n voorreg en lekker, want ons kinders is nog kind op 'n manier wat baie ander laerskole se kinders nie is nie.

Ons kinders speel voor skool en pouses alles van wegkruipertjie, balspeletjies, ens. Die kinders van verskillende ouderdomsgroepe meng en lag saam so gemaklik asof ouderdom nie saak maak nie. Dit klink dalk normaal maar in laerskole in ons land is dit nie meer die norm nie.

Ons kinders word "skoon" groot en dit is iets wat ons as ouers en personeel in ons kinders moet koester.

Dit is as mens aan bogenoemde dink wonderlik om te sien hoe uitstekend ons kinders in die verskeie hoërskole waarheen hulle gaan presteer in sport, akademie en leierskap. Dié klein skool waar almal baie aandag kry is dus meer van 'n uitstekende wegspringplek as enigsins 'n rem wanneer hulle na die groot hoërskole beweeg.

Kom ons ondersteun ons kinders met hulle voorbereiding met die aanloop tot ons finale assesseringstyd.

Baie dankie aan elke gesin en die liefde en omgee waarmee kinders van ons skool versorg word en toegelaat word om kind te bly.

Beste wense

*Pieter de Bruyn*



## KARAKTERKAMPIOENE

Ons is trots op hierdie Bokkies!

Graad 1: CP du Toit omdat hy geesdriftig en entoesiasties is.

Graad 2: Amorey Visagie omdat sy goeie maniere het.

Graad 3: Aiden Hufke omdat hy 'n entoesiastiese leerder is.

Graad 4: JP Goliath omdat hy goeie vordering toon.

Graad 5: CH Kotzè omdat hy 'n entoesiastiese leerder is.

Graad 6: Junishia Muller omdat sy hulpvaardig is.

Graad 7: Christi-Ann Smith omdat sy goeie maniere het en hulpvaardig is.

## KLEURE ATLETIEK

PILOTS
VS
PIRATES

Belangrike inligting:

Leerders moet asb. om 07:00 by die skool wees om gereed gemaak te word vir die optog wat om 08:15 begin.

Atletiek begin om 08:40

Wees asseblief betyds!

Gr. R parkie = Blou span

Klein grassie = Rooi span

# KERSIEFEES




Druk hier om 'n kaartjie te koop!

# BUITELUGSKOOL

MELKBOSSTRAND

Ons gaan hierdie jaar na `n nuwe buitelugskool. Ons is baie opgewonde oor hierdie geleentheid.

- PLEK: MELKBOSSTRAND
- KOSTE: R960 PER LEERDER
- DATUM: 12-14 NOVEMBER
- WIE: GRAAD 5 TOT 7

Kampgeld kan van vandag af in die skool se rekening inbetaal word. Stuur asb. die bewys van betaling aan u kind se registeropvoeder.

# AKADEMIE - KWARTAAL 3

## WOEMA!

Die volgende leerders het baie hard gewerk en gewys dat hulle WOEMA het. Hul het elkeen hul gemiddelde punt met 5% of meer verbeter hierdie kwartaal. Ons is baie trots op elkeen van hulle.

Graad 4
Azya de Klerk, Keanan Erasmus, JP Goliath, Arno Koopman, Taylin Maswana en Armand Schoeman

Graad 5
Jomé Lingenfelder en Du Toit van der Merwe

Graad 6
Zoey Carolus, Bernhardt du Toit, Simone George, Inakho Kibito, Junishia Muller, Kyle Muller, Ian Naude, Noah Sello, Ben van der Merwe en Iva Watkins

Graad 7
Stephné Arries, Xander Clark, Lukas Fabricius, Christi-Ann Smith, Rouxan Swart, Markus Tomlinson en Ju-handré Visagie

## TOP 3 PRESTEERDERS PER GRAAD

Baie geluk aan die volgende uitblinkers in elke graad.

Graad 4
1. Gabriella du Toit 86%
2. MW Pretorius 85%
3. Ameerah Paulse 81.2%

Graad 5
1. Cassie du Toit 92%
2. Sebastian van Zyl 90.5%
3. Frans le Roux 87.3%

Graad 6
1. Wikus Bothma 95.3%
2. Zoey Carolus en Dinozzo van Huffel 92.2%
3. Mia Gagiano 91.3%

Graad 7
1. Gys du Toit 95.9%
2. Stephan du Toit 92.4%
3. Abreline Pieters 86.3%

# SPORTDATUMS

Sportdatums vir kwartaal 4.

Tennis:

31 Oktober tot 1 November - Hermanus en Vredendal toer (tuis)
6 November - FDC (tuis)
7-9 November - Boland Platteland teen Drakenstein en Wynland / Interpro o.15
27 November - Double Trouble tennis afsluitingsfunksie.

Mini-Krieket

1 November - Worcester Noord (weg)

Krieket

3 November - o.11 Ceres Primêr (tuis)
5 November - o.13 Ceres Primêr (tuis)

Atletiek

7 November - Hekkies en veld items
8 November - Baan items

# 2026 BEGROTINGSVERGADERING

5 NOVEMBER 2025 @ 18:00

Alle ouers en voogde word uitgenooi na die Algemene Jaarvergadering (AJV) op Woensdag 5 November 2025 om 18:00 aanlyn via Google Meet. Die AJV bied 'n geleentheid om die jaar te hersien, die finansiële verslag te bespreek, en die Skoolfonds en begroting vir 2026 goed te keur. U deelname is noodsaaklik vir die vereiste 10% kworum volgens die Bela-wetgewing. Beskikbaarheidsdetails sal via WhatsApp gedeel word. Kom bou saam aan 'n sterker skoolgemeenskap!

# TENNIS AFSLUITINGSFUNKSIE

Exciting!! Lekker oefen!




# ERKENNINGSAANDE

Ons jaarlikse erkenningsaande vind op die 2de en 3de Desember plaas.
Graad 1 tot 7 moet almal skoolskoene aanhê vir die geleentheid.
Maak asseblief vroegtydig seker dat u kind wel skoene het.

# SBL

Aan die einde van 2025 neem ons afskeid van twee toegewyde lede van ons Skoolbeheerliggaam, Jeanette Clark en Carmen Roberts. Ons bedank hulle vir hul waardevolle bydraes aan die skool se bestuur, finansiële beplanning en beleidvorming. Hulle het hul pligte met integriteit en toewyding nagekom. Ons wens hulle voorspoed toe in hul volgende hoofstuk en hoop om hulle steeds in ons skoolfamilie te sien.

# ASSISSTENTE

Ons wens vir Anastacia Visagie, een van ons Grondslagfase assisstente en ook 'n oudleerling van ons skool, baie sterkte toe. Sy is een van die finaliste wat deur Dr Ivan Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese-ontwikkeling en Toerisme uitgenooi is na die Wes-Kaapse Prestige Landboutoekennings Gala Geleentheid. Sy ding mee in die katagorie Beste Potensiaal. Hierdie geleentheid vind op Saterdag, 1 November in Durbanville plaas. Anastacia, ons hou styf duimvas! Geniet hierdie geleentheid.





Francelene Mars het haar gradeplegtigheid op 26 September 2025 te Plettenbergbaai bygewoon waar sy haar diploma (NFPA 1001) in brandweeropleiding gekry het. Ons is baie trots op haar en die voorbeeld wat sy vir ons kinders stel.

# EINDEKSAMEN

**November**

**FORMELE ASSESSERING VIERDE KWARTAAL GRAAD 4 TOT 7**

LAERSKOOL KOUE BOKKEVELD — NET DIE BESTE

**SKOOLTYE 07:30 - 13:00**

**2025**

| MA | DI | WO | DO | VR |
|---|---|---|---|---|
| 17<br>4 - Skryfstukke 1<br>5 - Skryfstukke 1<br>6 - Skryfstukke 1<br>AFR & ENG<br>7 - Wisk 1 | 18<br>4 - Engels<br>5 - NW<br>6 - Wisk<br>7 - Afrikaans en Skeppende Kuns | 19<br>4 - NW<br>5 - Wisk<br>6 - NW<br>7 - Engels | 20<br>4 - PSW<br>5 - PSW<br>6 - PSW<br>7 - LO en EBW | 21<br>4 - Afrikaans<br>5 - SW<br>6 - Engels<br>7 - SW |
| 24<br>4 - Wisk<br>5 - Engels<br>6 - Afrikaans<br>7 - NW en Wisk 2 | 25<br>4 - SW<br>5 - Afrikaans<br>6 - SW<br>7 - Teg | 26<br>4 - Afr. Skryf 2<br>5 - Afr. Skryf 2<br>6 - Afr. Skryf 2<br>7 - Afr. Skryf 2<br>ALLE HAND- EN BIBLIOTEEKBOEKE MOET INGEHANDIG WORD. | 27<br>4 - Eng. Skryf 2<br>5 - Eng. Skryf 2<br>6 - Eng. Skryf 2<br>7 - Eng. Skryf 2<br>Leierskapontwikkeling Gr.6 en 7 van 2026. Almal moet teenwoordig wees. | 28<br>4 - LV<br>5 - LV<br>6 - LV<br>7 - Drama<br>pretdag<br>Oefen vir erkenningsaand |
| 1<br>Oefen vir erkennings-aand | 2<br>GF Erkenningsaand | 3<br>Intersen Erkenningsaand<br>Almal moet teenwoordig wees! | 4 | 5 |

Let asseblief op 'n klein verandering op die eksamenrooster. Leerders is verplig om tot op die 28ste November te skryf. Die departement kom die 1ste Desember vir die skool se promosie en progressie.

# E-LEER

Google for Education Certified Educator LEVEL 2

Juffrou Ammie en juffrou Rolien is tans besig met opleiding om hulself as Google Educator Level 2 te sertifiseer. By Laerskool Koue Bokkeveld is gebalanseerde leerders met verskillende leerstyle en denkwyses ons prioriteit en ons glo dat blootstelling aan verskeie metodes en hulpmiddels hul versterk. Ons is ook opgewonde oor die toekoms van e-leer by ons skool en sê met trots dat ons voorsiening maak vir die moderne era waarin ons leerders leef. Sterkte met jul eksamen!

# ARGIEF

Ons skool spog met 'n splinternuwe argief. Die skool se ontstaan en hoogtepunte deur die jare word hier uiteengesit in die vorm van 'n tydlyn. Ons het groot waardering vir Cathy du Toit wat hierdie projek op so 'n kreatiewe manier aangepak het. Kom maak gerus 'n draai by die skool om dit te besigtig.







# HERMANUS EN VREDENDAL TOER WEER NA ONS VIR TENNIS

Op 31 Oktober en 1 November kom speel Hermanus en Vredendal tennis teen ons. Lekker enkels, dubbels en gemengde dubbels.

Almal braai die Vrydag aand lekker saam en elke speler ontvang 'n medlaje. Daar sal ook gelukkige trekkings wees. Alle ouers is welkom. Ons top 8 seuns en dogters sal deelneem. Ons sien uit daarna om hierdie skole se spelers en onderwysers in die Koue Bokkeveld te ontvang.

Juffrou Hanle, ons waardeer jou.

# WATERVAL KAMP

Die graad 7's het tydens die vakansie van 4 tot 8 Oktober die Waterval-kamp bygewoon. Dit was 'n wonderlike en onvergeetlike ervaring. Hulle het persoonlik én geestelik gegroei, en die kamp was 'n voorsmakie van wat hulle in die hoërskool te wagte kan wees.




Dit spyt ons om vir juffrou Christi King aan die einde van die jaar te groet. Sy verhuis na Piketberg. Ons wens haar baie sterkte toe met haar nuwe lewensseisoen.

# LEIERSKAPONTWIKKELING

Ons sien uit na 'n leierskapontwikkelingsessie wat volgende kwartaal vir ons Graad 6 en 7's van 2026 aangebied word.
Me D. van Zyl sal hierdie sessie op die 27ste November 2025 hier by die skool aanbied.
Alle Graad 6 en 7's van 2026 moet hierdie sessie bywoon.

# NUWE SNOEPIE




Ons snoepie spog met 'n nuwe gesig! Baie dankie aan Chrisna en Cathy du Toit wat voorgevat het om die Neelsie sy beste te laat lyk!

# KAAPSE WYNLAND TENNIS

Baie geluk aan die volgende spelers wat die Kaapse Wynland streek verteenwoordig het teen Weskus en Overberg en GOUD verwerf het.

o.13 Markus & Ammari
Mia (brons vir Overberg)
o.12 Daniël & Zoey
o.11 Cara & Helené
o.10 Christopher






# BOLAND PLATTELAND TENNIS

Baie geluk aan
Markus, Anmari, Cara & Helené
wat opgeneem is in die Boland Platteland span.
Cara & Helené kwalifiseer automaties vir
Wes-Kaap Kavalier proewe.
BAIE GELUK JULLE!

# SKOOL SE 60STE VERJAARSDAG






















# Baie dankie aan ons borge.

## GERRIE BERNER 2025




Doornkraal Agri · graaff fruit · DUTOIT · De Keur · VIKING · Kubota · KBY · South African Long Distance Transport







